SCENARIO PROJEK

RIGLYNE AAN NAVORSERS/AANBIEDERS

PROF ANDRE DUVENHAGE

SCENARIO PROJEK

RIGLYNE AAN NAVORSERS/AANBIEDERS

ALGEMENE AGTERGROND

Hierdie projek ondersoek die toekoms van die sowat 2.7 miljoen Afrikaners (asook diegene wat met die belang identifiseer) oor die volgende 10 jaar. Anders gestel: Wat is die toekoms van die Afrikaner oppad na 2020?

Die metodologie wat gevolg gaan word, is die van scenario-ontwikkeling om alternatiewe (potensiële) toekomste te ondersoek. 'n Belangrike onderdeel van die benadering is die identifisering van makro-veranderlikes (drywers) wat in 5 kategorieë (met 5 subkategorieë elk) verdeel word. 25 Kundiges is landwyd geïdentifiseer om op grond van spesialiskundigheid navorsing te doen (met die oog op publikasie) asook die aanbied van 'n voorlegging hieroor tydens 'n colloquium. Hierdie navorsing sal dan gebruik word om 'n scenario-ontleding te doen vir die Afrikaner oppad na 2020.

VERONDERSTELLINGS

Met as fokus die toekoms van die Afrikaner (oppad na 2020) het scenario-ontwikkeling die volgende ingedagte:

- 'n Beter begrip van die toekoms in 'n omgewing gekenmerk deur onsekerheid en selfs onvoorspelbaarheid.
- Waardetoevoeging in terme van risiko-beoordeling en bestuur.
- Die onsluiting van nuwe denkpatrone en paradigmas van denke.
- Die skepping van hoër vlakke van bewustheid ten opsigte van strategiese kwessies en besluitneming in die verband.
- Scenario's is rigtinggewend ten opsigte van denke rakende die bestuur van verandering.
- Die identifisering van geleenthede tot voordeel van die Afrikaner.

Binne 'n groter strategiese bestuursraamwerk kan die plek van scenario-ontledings so voorgestel word:



WAAR PAS SCENARIO'S IN?



DIE TIPE SCENARIO: MAKRO-STRATEGIES

Wat is 'n strategiese scenario?

Strategiese Scenario's – 'n Veelvoudige toekoms beskouing oor die langer termyn:

- Dit kan die organisasie /instelling verander.
- Dit het lang termyn waarde.
- Dit behels 'n beleidsraamwerk, 'n bestuursraamwerk en 'n intellektuele raamwerk.
- Dit verhoog onsekerheid.
- Dit fokus op die eksterne langer termyn omgewing.
- Dit kan gebruik word om nuwe krisisse te identifiseer.

DIE COLLOQUIUM BENADERING

5 Colloquiums met 5 subkategorieë elk word in die vooruitsig gestel. Navorsing word deur sowat 25 persone op die geïdentifiseerde terreine gedoen. Skematies kan die terreine so voorgestel word:

1. Polities/Staatkundig: **Flip Buys**
    - Politieke stabiliteit/onstabiliteit en sekuriteit.
    - Demokratiese konsolidasie.
    - Staatkundige en institusionele verval.
    - Politieke transformasie.
    - Opposisiepolitiek.

2. Ekonomies: **Henk Schalekamp**
    - Ekonomies-ideologiese grondslag.
    - Arbeid, BBBEE en Regstellende Aksie.
    - Omgewing en infrastruktuur.
    - Landelike ontwikkeling, grondhervorming en voedselsekuriteit.

- Belastingbasis en invordering.

3. Kultureel-Maatskaplik:**Chris Klopper en Magdie de Kock**

- Minderheidsgroepe en regte.
- Burgerlike organisasies.
- Onderwys.
- Nasionale gesondheid.
- Waardes en moraliteit.

4. Demografie: **Jan Bosman**

Riglyne vir 'n dagwerkswinkel oor die demografie van Suid-Afrika met spesifieke fokus op die Afrikaner demografie.

- Makro Demografiese profiel van Suid-Afrika in 2010
- Veranderinge in die demografiese profiel van Suid-Afrika op die pad na 2010
- Fokus op Afrikaner demografie
    - Demografiese aanwysers
        - Met verwysing na ouderdom, geslag, geletterdheid en opvoeding
    - Demografiese verspreiding
        - Met verwysing na emigrasie, migrasie en die Afrikaner diaspora
    - Ekonomiese status
        - Met verwysing na rykdom, armoede, werkloosheid en belasting basis
    - Politieke status
        - Met verwysing na politieke verband, ondersteuning van politieke partye en betrokkenheid in die politieke
    - Kundigheid status
        - Met verwysing na die kennis en kundigheid van die Afrikaner
        - Verspreiding van kundigheid professioneel, vakmanne ens
        - Verlies aan instellings

5. Tegnologie: Sameroeper: Bennie van Zyl

Die programinhoud word so gou moontlik onder leiding van Prof Frikkie van Niekerk [NWU] en prof Andre Duvenhage [NWU] bespreek en met die onderskeie sprekers uitgeklaar.

Die volgende fokuspunte is onder andere geïdentifiseer:

- Tegnologie, identiteit en bemagtiging.
- E-kultuur.
- Kommunikasie en die media.
- Tegnologie en die arbeidsmark (opleiding ens.)
- Navorsing en innovasie.

METODOLOGIESE BENADERIG

Die projek maak gebruik van 'n scenario metodologie wat die volgend stappe insluit:

- Stap 1 – Taak analise.
- Stap 2 – *"Areas of Influence"* – Invloedsanalise.
- Stap 3 – Projeksies (identifisering en klassifisering van tendense en gebeure).
- Stap 4 – Groepering van alternatiewe (Selekteer scenario logikas).
- Stap 5 – Scenario assessering.
- Stap 6 – Finalisering van die alternatiewe.
- Stap 7 – Analise van die gevolgtrekking.
- Stap 8 – Analise van ontwrigtende gebeure.

U navorsing met betrekking tot 'n geïdentifiseerde terrein (soos aangedui in die vorige afdeling) fokus veral op Stap 3. Hiervolgens is Stap 2 (invloedsareas) reeds geïdentifiseer en moet hierdie navorsingsterreine in 'n strategiese sin verder

nagevors word. Eksakte riglyne kan nie altyd gegee word nie en kan verskil van terrein tot terrein. In algemene terme gaan dit hier oor die ontleding van 'n bepaalde terrein (met die taakopdrag as agtergrond) met die doel om projeksies en/of tendens ekstrapolasies te maak. Die huidige word as vertrekpunt geneem waarvandaan projeksies en/of tendens ekstrapolasies dan gemaak word.

PROJEKSIES (IDENTIFISERING EN KLASSIFISERING VAN TENDENSE EN GEBEURE)

Stap 3: Projeksies (identifisering en klassifisering van tendense en gebeure):

- Nadat invloedsfaktore, die inter-verwantskappe en strategiese uitvloeisels *("issues")* geïdentifiseer is, kan "*strategic issues mapping"* plaasvind.

- Neigings (tendense) verwys na enige patrone of aktiwiteite waarin "dinge" beter word, erger word of dieselfde bly.

- Identifiseer die moontlike inter-verwantskap tussen neigings (tendense) byvoorbeeld populasie groei (normaal) vs. MIV/VIGS.

- Identifiseer die sleutel-onsekerhede en probeer om toekomstige gebeure te antisipeer of te ekstrapoleer.

- Klassifiseer tendense en/of gebeure in terme van:

  - Hoogs onseker (moeilik om te voorspel).
  - Hoogs seker (maklik om te voorspel).
  - Medium seker (tussen in).

- Doen strategiese *"issue mapping"* (prioritiseer hierdie kwessies) waar moontlik in terme van geidentifiseerde kriteria ens.

Die volgende metodiek kan aangewend word:



KATEGORIEË VAN VOORSPELLING

DIE COLLOQUIUM BENADERING [WERKSWINKEL]

- 'n Dokument van sowat 20 geskrewe bladsye (±8000 woorde) moet voorberei word.
- Bogenoemde konteks en riglyne moet sovêr moontlik gevolg word. [Dit kan verskillende sake vir die onderskeie terreine beteken. Die bydrae moet egter van waarde wees ten opsigte van die taakoriëntasie en die scenario metodologie.]
- Die dokument kan die vorm aanneem van 'n akademiese artikel en moet tegnies en taalkundig versorg wees.
- Tegniese versorging moet verkieslik voldoen aan die vereistes van die Harvard metode.
- 'n PowerPoint aanbieding moet vanuit die dokument voorberei word met die oog op aanbieding tydens 'n geskeduleerde colloquium.